

**7 Oktober**

**Prediker 11:1-6**

***Gaan die toekoms met geloofsvertroue binne***

Ons toekoms is onvoorspelbaar. *Jy weet nie watter voorspoed of teenspoed oor die land sal kom nie. As die wolke vol water is, reën hulle leeg op die aarde; of 'n boom nou suid of noord val, dit bly lê waar dit geval het* (verse 2, 3). Ons toekoms behoort aan die Here en sy bestuur gaan ver bo ons begripsvermoë uit (vers 5).

Die onvermoë om die toekoms te beheers veroorsaak dat mense huiwer. Ons is dikwels soos 'n boer wat nie tot saai kan kom nie. Hy wag op 'n teken. Maar *wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie* (vers 4).

Wat moet ons doen? *Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort.*

*Jy weet nie watter van die twee sal die oes lewer nie, en of al twee ewe goed sal wees nie* (vers 6).

Gebruik die Godgegewe geleentheid. Doen wat jou hand vind om te doen. Bo alles: Handel in geloofsvertroue op die Here.

*Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug* (vers 1). Salomo het kosbare produkte op sy handelskepe weggestuur met die hoop om dit vir ander te ruil. Hy moes soms jare wag voordat sy skepe sou terugkom. Baie dae verloop soms tussen saaityd en oestyd; tussen die wegstuur-dag en terugkom-dag.

Met Christus aan die kruis sê die Here: Ek beheer die toekoms tot voordeel van die gelowige. Die Here regeer verrassend: Uit die skynbare mislukking van die kruis het Hy oorwinning bewerk. Gaan dan voort in geloofsvertroue - Die Here sal die toekoms tot jou beswil laat ontvou.

Sing: Skrifberyming 17:1, 6 Ds. J.G.L. van der Walt (Oudtshoorn)